*Jaarboek Ned. Herv. Sustersvereniging,* N.H.S.V. Boekversprei-dingskom., Mev. S. M. HUYZERS, Krugersdorp. 56 Bls. Prys 2/6.

Jare gelede, dit was met die Aprilnagmaal 1922, het die ou Westelike Ring op Pretoria gesit. Die gemeente het 'n groot kerkbasaar gehad, wat deur wyle ds. A. J. Barger, destyds van Middelburg, geopen is. Hy het begin om die gemeente, d.w.s. enige kerklike gemeente, met 'n motorkar te vergelyk. Daar is die stuurwiel, met die bestuurder daaragter, die predikant. Daar is die ligte, die kerkraadslede, en so het hy aangegaan met sy vergelykings. Haas ieder groep in die gemeente is genoem en met 'n onderdeel van die motorkar vergelyk. Maar alleen van die susters is niks gesê nie. Arme susters. En toe aan die end sê ds. Barger dat dit alles nog niks help nie. Vergeefs sit die bestuurder aan die wiel, vergeefs wil mens probeer om die kar aan die loop te kry, al die blinkgoed aan die kar help niks, dit kan die kar nie in beweging sit nie. Daar is iets nodig wat nie gesien word nie, 'n stil krag vir alles, naamlik die petrol. Wat maak mens met 'n motorkar sonder petrol? Wel, het ds. Barger gesê, die petrol is die susters. Hulle het niks te sê nie, het nie eers stemreg nie. En tog hulle is die stille krag, die onontbeerlike krag in die gemeente, die petrol. Die mans praat in die gemeentevergaderings, hulle stem, hulle blaas stoom af; maar die vrouens swyg, hulle is die stille krag. So is dit in die hele Kerk. Die bewys lê hier voor my, naamlik die Jaarboek van die Sustersvereniging. Geseënd is die dag toe besluit is om die sustersvereniging te stig! Die hele Kerk profiteer daarvan, ook die Hervormde Teologiese Studies. Ons bly die susters dankbaar vir hulle werk, hulle goeie werk, waarvan die Jaarboek ook 'n weergawe is. Die weeshuis, die Teologiese Opleiding, die Tehuis vir Oues van Dae, die Leprose inrigtings, die Dowe Instituut, ens., ens., algar word deur die sustersvereniging gehelp. In die jaar 1948 het die vereniging met sy takke oor die honderd duisend pond gehanteer en daar was nog n goeie voordelige balans op die bank. ' Die wat van die werk van die susters iets wil weet, moet die Jaarboek ter hand neem. Met skroom wil ons 'n paar opmerkings maak, want die werk van die susters is so mooi, dat ons die opmerkings alleen met skroom

kan doen. Dit is dit: 'n Goeie inhoudsopgawe van die Jaarboek sou wenslik wees; die statistiese deel kom nie tot sy reg nie, die hoofbestuur, die takbesture, die getal lede, verslae van die werksaamhede van elke tak gedurende die jaar sou baie welkom wees.

'n Eresaluut vir die susters! 'n Aanbeveling van die Jaarboek!

S. P. ENGELBRECHT.